# Hillcrest High School

Graad 12

## AFRIKAANS EAT V1

JUNIE 2023

**PUNTE:** 80

**TYD:** 2 uur

**EKSAMINATOR:** Mev. R. Jordaan

**MODERATOR:** Mev. A. Meiring

<u>INSTRUKSIES EN INLIGTING</u>

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings :

| | |
|---|---|
| AFDELING A: BEGRIPSTOETSE | (30) |
| AFDELING B: OPSOMMING | (10) |
| AFDELING C: TAALWERK | (40) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

**<u>AFDELING A</u> : <u>LEESBEGRIP</u>**

**VRAAG 1**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**



CricGram

# ‘N YSTER MET DIE KOLF

## Die instaan-kaptein van die SA vrouekrieketspan is baie meer as net ‘die krieketmeisie’

Soos vertel aan **COLIN HENDRICKS**

“Ek onthou dat ons in ‘n soort dieretuin grootgeword het. Daar was altyd diere oral. Ons het vier honde gehad. Daar was altyd hoenders op die erf en ‘n vistenk met eienaardige visse. Ons het ook klein voëltjies gehad.

My pa het altyd die braai aangehad. So, daar was die reuk van braaivleis; honde wat speel en hoenders wat in die tuin skrop – en Ma wat met die hoenders raas!

Dis hoe ek grootgeword het in Pretoria. Niks *fancy* nie. Ons is maar ‘n plat-op-die-aarde-gesin.

Ons is ook lief vir die natuur. Ons het baie buite Pretoria gaan kampeer. Elke skoolvakansie was ek, my ma, my pa en my boeta in ‘n karavaan êrens in die natuur.

My pa, Braam, was ‘n minikrieket-koördineerder by laerskole. Ek was nog altyd ‘n *daddy’s girl* en het hom soos ‘n stertjie agtervolg.

My boeta, Francois, het nogal goed krieket gespeel, en ek het ook altyd saam met hom gegaan.

Eendag het my pa ‘n *bat* in my hand gesit en ek’t die bal ver geslaan. Ek dink hy het iets in my raakgesien. Hy het my aan krieket bekendgestel en my aangemoedig om elke keer terug te kom tot ek verlief op die sport geraak het. Dit was ook lekker om ‘n paar seuntjies se ego’s te *bruise*, want destyds was daar nie baie meisies wat gespeel het nie.

Ek het ‘n *tomboy*-kant en ‘n *girly-girl*-kant. As kind het ek netbal saam met my meisievriende gespeel en ons het ge-*Barbie*-pop en *girly-girl*-goed gedoen, rokke aangetrek en gedink ons is supersterre.

Ná skool het ek saam met my krieketspanseuns *touch* rugby gespeel en balle rondgejaag. Vir my was dit *best of both worlds*.

By die huis was daar menigmale bakleiery tussen my en my broer, want ons het elke dag krieket gespeel en ons is ongelooflik kompeterend.

Op Laerskool Voorpos was ek ook baie kompeterend. Ek wou nommer een wees in alles wat ek doen, maar ek kon dit nie op akademiese vlak regkry nie. Ek was nommer twee daar en dit was erg vir my. Ek was onderhoofmeisie en dit was ook erg vir my, want ek wou hoofmeisie wees.

Op hoërskool het dinge bietjie verander. Ek het meer op krieket begin fokus en nie soveel op my akademie nie. Op Hoërskool Menlopark was ek die “krieketmeisie”.

Maar op laerskool was daar nog nie ‘n meisiespan vir krieket nie, en vir my om die sport waarvoor ek so lief was te speel, moes ek saam met die seuns gaan speel. Toe ek sewe was, het ek vir die o.10-seunsspan krieket begin speel.

Dit was ‘n groot aanpassing, want hulle was twee grade bo my en al klaar groter en sterker, maar dit was ‘n *fun* uitdaging.

Ek dink dit was op ‘n manier inspirerend vir ander meisies, want toe ek in gr. 4 kom, kon ons al ‘n hele meisiespan vorm. Dit was *cool* om te sien hoe al my vriendinne begin speel en ons later by ‘n liga kon inskryf. Op 12 het ek vir die o.19-meisies se provinsiale span begin speel en vir die Titans-vrouespan – dit was my eerste groot span.


Siasat.com

In 2012, toe ek 16 was, het ek by die nasionale span aangesluit. Ek speel voltyds krieket. Ek dink ek het al 183 *games* vir die SA span gespeel.

Vir die onlangse Krieketwêreldbeker in Nieu-Seeland was ek die instaan-kaptein vir dié span. Ek onthou my pa se woorde aan my was: “Maak seker jy doen dit só goed dat jy permanent kaptein word, maar geen *pressure* nie.”

Ons het in die semi-finaal teen Engeland uitgeval. *Obviously* wou ons in die finaal kom, maar ons is gelukkig met die semi-finale. Persoonlik was dit my beste Wêreldbeker gewees. Soveel *memories* is gemaak.

My pa het nog nooit ‘n *game* gemis nie, dit maak nie saak in watter tydsone ek speel nie – hy staan op en kyk elke wedstryd. Hy het my aan die sport laat deelneem, en al misluk ek of al is ek hoe suksesvol, dit verander nie hoe trots hy op my is en hoe bly hy vir my is nie. Ek gaan na hom of my boeta vir advies as dinge sleg of goed gaan, of as ek raad nodig het.


Netwerk 24

My ma, Cecile, is ook ‘n ystervrou. Sy het al so baie gedoen en opgeoffer sodat ons, ons drome kan uitleef. Sy en my pa is my helde.

My ma is altyd die tellinghouer tydens ons krieketwedstryde by die huis. Sy is ‘n vrou vol passie en doen niks halfhartig nie – sy is ‘n matrone by ‘n ouetehuis, so jy kan net dink watse woema sy in haar het. Haar karakter het my gehelp om die sterk onafhanklike vrou te wees wat sy altyd is.

My pa is afgetree en kyk nou krieket vir ‘n lewe. My broer speel nie meer krieket nie en is ‘n plantkundige in Tzaneen. Sy vrou, Andri, is lief vir hardloop en swem en hy doen nou dít.

'n Mens moet aan 'n lewe ná krieket dink, daarom swot ek nou by Unisa en maak dié semester klaar met my kursus oor kommunikasie en bemarking. Hopelik kan ek iets daarmee in die sportwêreld doen."

[Effens verwerk Uit: **huisgenoot.com** 5 MEI 2022]



IOL

1.1 Kies die korrekte antwoord en skryf dit dan neer.

Wanneer ons in die sub-opskrif lees dat Suné die "instaan-kaptein" was, beteken dit dat sy (tydelik/permanent) die kaptein vir die span was. (1)

1.2 Waarom kan ons sê die opskrif, "'n Yster met die kolf" word konnotatief bedoel en nie denotatief nie? (1)

1.3 Haal 'n sin aan wat vir ons sê waarom Suné dink dat hulle in 'n tipe dieretuin grootgeword het. (1)

1.4 Noem twee tipe diere wat hulle op hulle werf aangehou het. (2)

1.5 Waar het Suné grootgeword? Gee die naam van die stad. (1)

1.6 Wat het hierdie gesin in hulle vrye tyd gedoen? Gee een woord as antwoord. (1)

1.7 Watter werk het Suné se pa gedoen? (1)

1.8 Haal drie opeenvolgende woorde aan wat vir ons aandui dat Suné baie lief vir haar pa was. (1)

1.9 Wat het Suné baie goed gedoen toe haar pa 'n krieketkolf in haar hand gesit het? (1)

1.10 Watter bewys is daar dat Suné 'n vroulike- sowel as 'n wilde meisie-sy het? (2)

1.11 Die volgende stelling is WAAR. Bewys dit.

Suné hou nie van verloor nie. (1)

1.12 Stem jy saam met die volgende stelling? Haal vyf opeenvolgende woorde aan om jou antwoord te bewys.

Suné het baie swak in akademie gedoen. (1)

1.13 Pas die beskrywing in KOLOM B by die datums/getalle in KOLOM A. Skryf net die nommer (1.13.1-1.13.4) en die letter (A-E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.13.1 Sewe | A. Hulle het ‘n meisiespan gevorm. |
| 1.13.2 Twaalf | B. Sluit by die SA span aan. |
| 1.13.3 2012 | C. Speel vir die o.10-seunspan. |
| 1.13.4 Graad 4 | D. Speel vir die o-19-seuns se provinsiale span. |
| | E. Speel vir die o.19-meisies se provinsiale span. |

(4)

1.14 Hoekom was dit vir Suné ‘n uitdaging om in die o-10-seunspan krieket te speel?

Behalwe dat sy ‘n meisie is, gee twee ander redes. (2)

1.15 Suné het op laerskool ander meisie geïnspireer om ook krieket te speel.

Verduidelik in jou eie woorde waarom hierdie stelling ‘n feit is en nie ‘n mening nie. (1)

1.16 Waarom, volgens Suné, moet Cecile, haar ma, vol woema wees? (1)

1.17 Wat doen haar pa nou op ‘n voltydse basis? (1)

1.18 “Ek speel voltyds krieket.”

1.18.1 Suné se bogenoemde woorde beteken dat sy (krieket speel sowel as ‘n ander werk doen/net krieket speel).


Kies die korrekte antwoord en skryf dit neer. (1)

1.18.2 Wat is Suné se “Plan B” vir wanneer sy nie meer krieket kan speel nie? (1)

1.18.3 Hoe maak Suné seker dat sy voorbereid is vir “Plan B”? (1)

**TEKS B: STATISTIEKE**

Verskillende netwerke het verskillende tariewe.




1.19 Wat is die goedkoopste selfoon netwerk in Suid-Afrika? (1)

1.20 Stem jy saam met die volgende stelling?

8.ta het 'n vals advertensie geplaas.

Bewys dit deur aan te haal. (1)

1.21 Watter netwerk oorsee is die duurste netwerk? (1)

1.22 Kies die korrekte antwoord en skryf dit neer.

Wanneer jy jou maandelikse selfoonrekening kry, word jou bedrag bepaal (per minuut/per sekonde). (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30 PUNTE**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

Woede is ‘n belangrike emosie, want dit is gewoonlik ‘n teken dat iets fout is of dat iemand jou te na gekom het. Skryf die sewe belangrike feite neer oor wat om oor jou woede te doen.

### INSTRUKSIES

1. Skryf die SEWE belangrike feite oor wat om te doen oor jou woede, puntsgewys neer.
2. Nommer jou feite van 1 tot 7.
3. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
4. Skryf sover moontlik in jou EIE VOLSINNE.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

## TEKS C

**WAT OM OOR JOU WOEDE TE DOEN**

**1 Eers moet mense erken hulle het ‘n “woedeprobleem”, sê dr. Peter Sacco. “Wanneer jy aanvaar jy is kwaad, is dit tyd om te herskep.” Doen dus die volgende...**

**2 Let op die fisieke tekens van woede sodat jy jouself kan kalmeer voor jy kookpunt bereik. Dalk hamer jou hart, begin jy sweet, kners jy op jou tande, word jy rooi in die gesig of spring jou kaak.**

**3 Vat ‘n blaaskans. Wanneer jy voel die woede begin opbou, verwyder jou van die situasie. Probeer buite toe gaan of gaan stap. Gebruik die blaaskans om te beplan hoe jy gaan kalm bly.**

**4 Lei jou aandag af deur tot 10 (of meer) te tel. Speel kalmerende musiek, bel ‘n vriendin met ‘n kalmerende invloed of doen iets eenvoudigs wat jou fokus van die woedesneller sal weglei.**

**5 Laat ontspan jou lyf deur diep asem te haal en daarop te konsentreer om verskillende dele van jou liggaam te laat ontspan.**

**6 Wees beslis, nie kwaad nie. Om beslis te wees beteken jy kan jouself laat geld. Jy is eerlik met ander oor wat jou behoeftes en begeertes, maar jy respekteer ook die ander mens se behoeftes.**

**7 Jy kan leer om jouself te laat geld sonder om aggressief of afbrekend te wees. As jy nie weet hoe om dit te doen nie, kry ‘n selfhelpboek of raadpleeg ‘n terapeut.**

**8 Skryf neer wat jou kwaad maak en hoekom. Om dit in swart op wit te sien, kan jou perspektief gee en jou spaar om jou woede en frustrasie op iemand uit te haal.**

[Effens verwerk uit: **huisgenoot.com** 4 Augustus 2022]

**TOTAAL AFDELING B: 10 PUNTE**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.

**TEKS D**




3.1 Hoekom is die webwerf se naam, "HOEZIT", anders as die ander woorde geskryf? (1)

3.2 Verduidelik waarom daar prente in die advertensie gebruik word. (1)

3.3 Waarom word "díé" in die sin: "díé coolste aanlyn-bestemming" so geskryf? (1)

3.4 Vul die korrekte PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD in. Skryf die nommer en die antwoord neer.

'n Mens moet net ___ rekenaar aanskakel. (1)

3.5 Skryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD.

Die webwerf is 'n veilige omgewing vir jong voortieners. (1)

3.6 Skryf die STELSIN oor in 'n VRAAGSIN.

HOEZIT is die coolste aanlyn-bestemming vir Afrikaans sprekende voortieners. (1)

3.7 Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM.

Die webwerf bied die nuutste vermaakkuns. (1)

3.8 Skryf die onderstreepte woord in LETTERGREPE.

Daar is opwindende dinge wat gebeur. (1)

3.9 Gee die MEERVOUD vir die woord in hakies. Skryf net die nommer en antwoord neer.

Daar is baie verskillende (webwerf) wat jy kan gebruik. (1)

3.10 Vind die GESEGDE in die volgende sin en skryf dit dan neer.

Die inligting is in vyf afdelings verdeel. (1)

**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




4.1 Hoe kan ons aan die onderwyser se liggaamstaal sien dat hy baie ernstig is? (1)

4.2 Kies die korrekte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD en skryf dit dan neer.

Neelsie is die seun (wie/wat) nie baie slim is nie. (1)

4.3 Verbeter die BYVOEGLIKE NAAMWOORD in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Neelsie het nie baie (hoog) punte in sy toets behaal nie. (1)

4.4 Skryf Neelsie se direkte woorde in die INDIREKTE REDE oor.

Neelsie sê: "Ons bly langs oom Ben du Toit." (1)

4.5 Skryf die volgende sin oor in die INFINITIEF. Begin soos aangedui.

Neelsie moet sy adres vir Meneer gee.

Neelsie behoort ... (1)

4.6 Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD in hakies.

Meneer wil Neelsie se ouers besoek. Hy was baie stout. (omdat) (1)

4.7 Voltooi die volgende VERGELYKING deur die korrekte woord in te vul. Skryf net die nommer en antwoord neer.

Arme Neelsie is so dom soos 'n ___. (1)

4.8 Skryf die volgende sin oor in die ONTKENNING.

Neelsie het vir iemand sy adres gegee. (1)

4.9 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

Neelsie sit en slaap gereeld in die klas. (1)

4.10 Gee die VERKLEINWOORD vir die woord in hakies. Skryf die nommer en antwoord neer.

Neelsie kon nie eens die maklike (som) doen nie. (1)

**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.



**TEKS F: ARTIKEL**

# TATJANA SPOG MET ANDER SOORT GOUD!

*24 April 2023*

Deur: *JHUA-NINE WURLEY-BIRCH*

Die (5.1.1) suid afrikaanse swemster en Olimpiese kampioen, Tatjana Schoenmaker, (5.1.2) nou spog sy met goud om haar nek én vinger nadat sy die afgelope naweek die jawoord vir haar
(5.1.3) nooi, Joel Smith, gegee het. (5.1.4) (Terwyl) hulle was op vakansie. Joel gaan op sy knie en vra haar om te trou.

Smith is die Springbok-kaptein, Siya Kolisi, se vrou, Rachel, se broer wat al etlike maande met Schoenmaker uitgaan.

(5.1.5) Die paartjie het Saterdag (5.1.6) ‘n klein (foto) van hul verlowing op sosiale media gedeel.

“Ons is (5.1.7) baie gek oor mekaar. Ons is verloof. (5.1.8) Ek het baie woorde. (5.1.9) Ek is in absolute bewondering en dankbaar om die voorreg ___ hê, om ‘n nuwe reis saam met jou te begin. (5.1.10) Ek (trou, gaan, met die man, van my drome),” het die (5.1.11) 25-jarige op instagram geskryf.

(5.1.12) Sy het verlede maand haar verlowing met Smith op sosiale media bevestig.

Schoenmaker het haar Olimpiese debuut in 2021 (5.1.13) ___ Tokio gemaak. (5.1.14) Hier het sy ‘n nuwe wêreldrekord in die 200 m-borsslag vir vroue opgestel en die goue medalje verower.

[Effens verwerk uit: *Maroela Media, 4/25/23, 12:09PM*]

5.1.1 Gee die KORREKTE SPELLING vir die onderstreepte woord. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Die suid afrikaanse swemster en Olimpiese kampioen is Tatjana Schoenmaker. (1)

5.1.2 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Nou spog sy met goud om haar nek én vinger. (1)

5.1.3 Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG vir die woord in hakies. Skryf net die nommer en antwoord neer.

Sy het die afgelope naweek die jawoord vir haar nooi, Joel Smith, gegee. (1)

5.1.4 Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD in hakies. BEGIN met die voegwoord.

Hulle was op vakansie. Joel gaan op sy knie en vra haar om te trou.

Begin so: Terwyl ... (1)

5.1.5 STEL DIE VRAAG sodat die onderstreepte deel die antwoord vorm.

Die paartjie het Saterdag 'n foto van hul verlowing op sosiale media gedeel. (1)

5.1.6 Gee die VERKLEINWOORD van die woord in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Die paartjie het Saterdag 'n klein (foto) van hul verlowing op sosiale media gedeel. (1)

5.1.7 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Ons is baie gek oor mekaar. (1)

5.1.8 Skryf die volgende sin oor in die ONTKENNING.

Ek het baie woorde. (1)

5.1.9 Vul die korrekte INFINITIEF in die volgende sin. Skryf net die nommer en die antwoord.

Ek is in absolute bewondering en dankbaar om die voorreg ___ hê, om 'n nuwe reis saam met jou te begin. (1)

5.1.10 Skryf die volgende sin oor in die korrekte WOORDORDE.

Ek (trou, gaan, met die man, van my drome). (1)

5.1.11 Skryf die onderstreepte GETAL uit in woorde.

Die 25-jarige het 'n boodskap op instagram geskryf. (1)

5.1.12 Skryf die volgende sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.

Sy het verlede maand haar verlowing met Smith op sosiale media bevestig. (1)

5.1.13 Vul die korrekte VOORSETSEL in die oop spasie in. Skryf die nommer en die antwoord neer.

Schoenmaker het haar Olimpiese debuut in 2021 ___ Tokio gemaak. (1)

5.1.14 Vind die LIDWOORD in die volgende sin en skryf dit neer.

Hier het sy 'n nuwe wêreldrekord in die 200 m-borsslag vir vroue opgestel en die goue medalje verower. (1)

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

TEKS G



[Uit: www.dreamonline.com]

5.2 1 Vul die korrekte woord in die oop spasie in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Hierdie gesin gaan nou lekker ___. (1)

5.2.2 Kies die korrekte woord en skryf dit neer.

Mamma dra 'n (apron/skootlap/voorskoot) om haar klere skoon te hou. (1)

5.2.3 Skryf die volgende sin in die DIREKTE REDE.

Pa sê vir Johnny dat hy sy bord nader moet bring. (1)

5.2.4 Gee die ENKELVOUD vir die woord in hakies.

Ma dra al die (glase) na buite. (1)

5.2.5 Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM.

Die hond het die worsie uit Johnny se bord gegryp. (1)

5.2.6 Hoekom kan ons kan sê dat hierdie gesin baie gelukkig is? (1)

**TOTAAL AFDELING C: 40 PUNTE**

**SOMTOTAAL : 80 PUNTE**